# PRICELESS CUBE Omdat die lewe waardevol is

MENSEHANDEL: VOORKOMING DEUR ONDERRIG

(Gebruik die pyle op die prentjies om die blok reg te gebruik)


## 1 ⬅ ➡ WAT IS DIE WAARDE VAN 'N MENS SE LEWE?



- Die mense verteenwoordig mense wêreldwyd. Hulle trek almal verskillend aan, het verskillende leefstyle en tradisies.
- Hulle hat almal WAARDE **(wys na een van die vrouens)**. "As die vrou se pa siek is; wat sal sy doen om sy lewe te red? As die man se broer in gevaar was; wat sal hy doen om sy lewe te red?
- Elkeen van die mense sal alles gee om die mense te red wat hulle lief het, want elke mens se lewe is waardevol.

Ons almal strewe na dieselfde dinge.

## 2 ⬅ ➡ WAT WIL ONS ALMAL UIT DIE LEWE HÊ?



- Ekonomiese vooruitgang:
  **(Wys na die geld)** Sal jy meer geld wil verdien? Wat sal jy daarmee doen? Jy sal dit dalk gebruik om goed te koop wat jy nodig het of graag will hê, soos klere, 'n nuwe foon of selfs om te betaal vir onderrig (skool of universiteit).
- Onderrig:
  **(Wys na die boeke en die kind)** Hoekom is onderrig belangrik? Ons wil hê ons kinders moet studeer en hard werk sodat hulle 'n beter toekoms, werk en meer geld kan hê.
- Gelykheid:
  **(Wys na die drie mense in die middel)** Ons almal werk hard vir beter onderrig en selfs vir meer geld, want ongeag van wie ons is en waar ons bly, wil ons almal as gelyke gesien word en met respek behandel word.

Hierdie 3 punte is die grootste gevare wat tot uitbuiting lei.

## 3 ⬅ ➡ WIE IS DIE MENSE WAT ONS RESPEKTEER?



- Godsdienstige leiers:
  Dit is die leiers in die gemeenskap wat ons leer om in vrede saam te leef en om 'n verhouding met God te hê.
- Eggenote/kêrels:
  Ons ervaar hulle liefde deur die emosionele en finansiële ondersteuning wat hulle bied.
- Familie en vriende:
  Ouers, familie (bv. tannie) en mense in die gemeenskap help om ons te versorg as ons jonk is.
- Ryk sakemanne:
  Hulle het reeds die geld, status en respek bekom wat ons graag vir ons eie lewens wil hê.

## 4 HOEKOM VERLAAT DIE KINDERS DIE GEMEENSKAP EN WAARHEEN GAAN HULLE?



- Die RYK SAKEMANNE
  bied die families geld aan en belowe om die kinders na 'n ander land te neem om aan sport deel te neem of om vir hom te werk. Hy belowe om elke maand geld aan die familie te stuur.
  **(wys na die familie wat waai)**
- Die GODSDIENSTIGE LEIERS
  bied aan om die kind na die stad te neem om skool te gaan **(wys na die familie wat omhels)**. Hulle is hartseer om die kind te laat gaan, maar gelukkig dat die kind versorg is en dat hy/sy 'n goeie opvoeding gaan kry.
- Die FAMILIE (tannies)
  bied vir die meisie 'n werk aan as kelnerin by 'n vriendin se restaurant in die stad. **(Wys na die meisie wat by die kar venster uitkyk)**. Die tannie belowe dat die meisie baie geld gaan maak en die werk gaan geniet.
- Al die mense het die besluit geneem om hulle kinders weg te stuur of het die keuse gemaak om weg te gaan omdat daar iets goeds aan hulle belowe is deur mense wie hulle vertrou het. **(Wys na die kind wat gevat is deur geweld gevat is)** Hierdie kinders is gevat en niemand weet waar hulle is nie.

Die families GLO dat hulle die regte keuse gemaak het. Hulle dink dat waar ookal hulle kinder hulle bevind, is beter as by die huis. Hulle kan selfs glo dat hulle nie 'n ander keuse het nie.

## 5 WAT IS DIE WAARHEID RAKENDE DIE MISLEIDING?



- Eggenote en kêrels en hulle geliefdes werk saam om 'n veilige omgewing by die huis te skep. Hulle maak NIE hulle vrouens en meisies seer nie, dit is goeie mans. 'n Man wat sy vrou of meisie dwing om seks te hê met ander mans vir geld of selfs dwelms is nie veilig nie.
- Godsdienstige leiers van verskillende tradisies mag na jou huis toe kom. Hulle kan in jou gemeenskap woon, jou taal praat en jou selfs leer om 'n verhouding met God te hê. Dit is goeie mense.

  Soms is daar mans wat aantrek soos godsdienstige leiers, maar hulle dien nie vir God nie. Indien 'n godsdienstige leier jou geld aanbied en jou kind wil wegneem, dit is nie veilig nie.
- Ryk sakemanne mag na jou gemeenskap toe kom en skole bou en selfs medisyne verskaf. Hulle kan help om skoon drinkwater aan jou gemeenskap te verskaf. Dit is goeie mense.

  Indien 'n sakeman vir jou geld aanbied om jou kind weg te neem van die huis af, is hy nie veilig nie.
- Mense in die gemeenskap, familie (tannies) en ouers help hulle dogters om 'n opvoeding en 'n goeie werk te kry. Dit is goeie mense. Indien 'n vrou, selfs iemand wat jy ken, vir jou 'n werk of onderrig wil reël in 'n ander land en aanbied om reis kostes te betaal en jou identifikasie dokumente (ID/paspoort) hou. Die vroue is nie veilig nie.

## 6 WAAR IS DIE KINDERS NOU?




- Die mense wat ons vertrou het, het ons mislei. Die families het 'n leuen geglo. Hulle kinders word geforseer om vir gevaarlike mans te werk. **(Wys na die geboeide hande, regs onder).** Hulle is nou gevange en daar is geen manier dat hulle kan ontsnap nie.
- **(Wys na die kinders, middel regs en links)** Baie kinders word gedwing om op plase of op vissers bote te werk. Hulle werk van sonop tot laat in die aand. Hulle kry nie genoeg kos, water of tyd om te slaap nie.

  Hulle word geslaan en selfs dood gemaak indien hulle rus of speel.
- **(Wys na die onopgemaakte bed en die kind op die vloer)** Baie kinders sal forseer word om in die aand te werk. Mans sal betaal om hulle te misbruik en seks te hê met hulle. Die kinders word meer as een keer per aand verkrag.
- **(Wys na die meisie)** Die uiteinde is 'n gebroke meisie. Sy word toegesluit in 'n klein kamertjie, hulle gee vir haar dwelms sodat sy nie kan terug baklei of ontsnap nie. Sy sal selfs later glo die enigste manier hoe sy veilig kan wees, is om haarself mooi te maak en voor te gee om haarself te geniet by die mans aan wie sy gegee word. Sy weet nie dat die lewe waardevol is en dat sy waardevol is nie.

Indien niemand help nie sal die kinders DOOD gaan van misbruik, uitputting en siektes.

## 7 DAAR IS HOOP VIR DIE KINDERS EN FAMILIES.



- **(Wys na die familie in die boonste linker hoek)** Hou jou familie naby. Moet hulle NOOIT wegstuur saam met enige iemand wat vir jou geld aanbied nie. Moet hulle NOOIT wegstuur saam met enige iemand wat aanbied om hulle reis kostes te betaal nie. Moet NOOIT jou kind se identifikasie dokumente vir enige iemand gee nie.
- **(Wys na die vrou met die foon)** As jy weet van enige iemand wat uit jou gemeenskap geneem word en gedwing word om op gevaarlike plekke te werk, MOET jy iemand vertel. Die mense is kwesbaar en moet deur ons beskerm word. Die owerhede kan hulle vind en hulle red.
- Indien jy ooit in 'n gevaarlike situasie is, kyk uit vir landmerke waar jy aangehou word.

  **Bel die volgende nommer:** **0800 222 777**

  so gou as moontlik en vra vir hulp. Die mense wat die oproep antwoord sal help en jy sal nie in die moeilikheid wees nie.
- **(Wys na die boeie)** Indien 'n kind gered word of self ontsnap, sal die families baie maal nie die kind terug verwelkom nie. Die familie voel skaam, hule kind is misbruik en kan selfs baie siek wees.
- **(Wys na die oop deur)** Die kind en familie kan vryheid en genesing vind deur 'n oop deur ('n geleentheid). Indien daar 'n geleentheid is kan die kind terug gaan huis toe en die genesings proses kan begin.
- Alhoewel die kinders gebroke is en baie seer het, kan hulle hart wat eens stukkend was genesing vind.

## Statistieke

- Elke 30 sekondes word 'n kind verkoop. *(UNICEF)*
- In die VSA is die gemiddelde ouderdom waarop kinders as kommersiële seks slawe begin werk, 13 jaar. *(Die Amerikaanse Departement van Justisie)*
- Mensehandel vind in 162 uit 192 lande plaas. *(Verenigde Nasies)*
- Tot soveel as 96% van die vroue wat vasgevang is in prostitusie wil ontsnap, maar voel dat hul nie kan nie. *(Verenigde Werkers Organisasie)*
- Mensehandel is 'n US$32 billion per jaar industrie. *(Verenigde Nasies)*
- In party lande word beraam dat soveel as 70% van die mans seks koop. *(Victor Malarek skrywer van "The Johns")*
- Daar is vandag meer as 27 miljoen mense wêreldwyd vasgevang in slawerny. Dit is meer as dubbel die hoeveelheid mense wat gedurende die Trans- Atlantiese slawe handel tydperk uit Afrika verkoop is. *(Kevin Bales skrywer van "Free the Slaves")*

## Beste Oplossings

As 'n organisasie of individue wat organisasies verteenwoordig onderneem ons dat:

- Ons sal nooit gesig fotos van minderjarige kinders wat uitgebuit/gered is gebruik nie
- Ons sal nooit stories vertel wat 'n persoon wat uit slawerny gered is se identiteit of woonplek bekend maak nie
- Ons sal nooit 'n storie van 'n persoon wat uit slawerny gered is in ENIGE vorm aan die media beskikbaar stel sonder die wettige toestemming van die betrokkke persoon en/of hul ouer/voog nie
- Ons verslaggewing sal eerlik wees, sonder enige oordrywing of afskaling
- Ons sal ALLE fotos en stories uit die veld rakende slagoffers en oorlewendes van mensehandel aan die span leier voorlê voordat dit, in enige vorm, in die media insluitend nuusbriewe, blogs, Facebook, Twitter, Instagram en diesulke platforms gepubliseer word.
- Ons sal, wanneer ons tydens veldwerk, bewus raak van slagoffers van mensehandel, alle inligting tot ons beskikking neerskryf (bv naam, ouderdom, beskrywing, posisie/plek waar slagoffer gevind kan word). Diesulke inligting sal aan die spanleier oorhandig word vir veilige bewaring en sodat die korrekte aksies geloods kan word.

## Pro-aktiewe Stappe*

- BEWUSMAKING
  William Wilberforce het gesê, "Jy mag kies om 'n ander pad te kyk en dit te ignoreer, maar jy kan nooit weer sê jy het nie geweet het nie." Nou nadat jy bemagtig is met kennis, moet jy daadwerklike aksie neem om vryheid te bevorder deur mense met wie jy in aanraking kom bewus te maak van die werklikheid van mensehandel. Deel wat jy geleer het met ten minste 10 mense wat jy ken en 10 mense wat jy glad nie ken nie.
- SKENK
  Geld is die dryfveer wat die mensehandel epidemie voed en word ook benodig om die stryd teen mensehandel te wen. Raak betrokke by organisasies wat mensehandel beveg deur hul werk finansieël te ondersteun.
- GEBED
  Jesus het gekom om mense wat verstrik is vry te maak. Dit is slegs deur gebed dat ons saam met Hom kan werk om Sy doel te bewerkstellig en daarmee 'n einde te bring aan die vernietigende effek van hedendaagse slawerny.

***Pro-aktiewe Stappe is aangepas van Nefarious: The Merchant of Souls, Exodus Cry Ministries (www.exoduscry.com).**

©2017 e3 Partners Ministry / e3 Resources

**PLAASLIKE TOLVRYE NOMMER: 0800 222 777**